BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE

Albertynstraat 44
La Hoff
KLERKSDORP
2571
Landlyn: 028 384 3859
Sel nr. 082 585 7692
Faks na epos 086 561 6727
E.pos hennieverm@telkomsa.net

2018-09-01

Geagte Bondslede

Alle Bondslede word hiermee uitgenooi na die Algemene Jaarvergadering soos in die sakelys uiteengesit.

Hierby aangeheg die volgende dokumente (agtereenvolgend):

- Sakelys vir die Algemene Ledevergadering geskeduleer vir die 6 Oktober 2018 te Fochville.
- Vorms: volmag en nominasie. Indien u nie aan ’n spesifieke lid wat u weet die vergadering gaan bywoon, volmag gaan verleen nie, gee dan bloot net die voorsitter van die vergadering volmag.
- Notule van die Algemene Ledevergadering gehou op 19 Augustus 2017; en die
- Inkomstestaat vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2018 saam met die begroting vir tydperk 1-03-2018 tot 28-02-2019

Stuur asb. u volmag-, nominasievorm in na bogenoemde epos of faks na epos om ons te bereik voor **30-09-2018**. Gebruik asb. net posadres indien daar geen ander manier Is om dit in te stuur nie weens die onbetroubaarheid van die posdienste. Stel ons ook voor **30-09-2018** in kennis indien u die vergadering wil bywoon.

Soos julle weet het Marius bedank as voorsitter en bestuurslid. Hennie en Cloete Vermeulen is tot die bestuur gekoöpteer en Zelma Geldenhuys is as voorsitter verkies tot 6 Oktober 2018 wanneer ’n nuwe bestuur verkies gaan word. Hennie Vermeulen sal alle administrasie pligte hanteer tot 6 Oktober 2018. Hy kan gekontak word by bogenoemde epos en kontaknommers

Vriendelike Vermeulengroete

Hennie
082 585 7692

BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE

Albertynstraat 44
La Hoff
Klerksdorp. 2571
Faks na epos 086 561 6727
Selnr. 082 585 76 92
e.pos hennieverm@telkomsa.net

2018/09/01

ALGEMENE LEDEVERGADERING

Neem asseblief kennis dat die Algemene Ledevergadering nou gehou sal word op 6 Oktober 2018 om 10:00 te Die Grasdak restaurant, h/v 5de en Steynstraat,(Steynstraat 94) Fochville. Selnr. 082 213 8267. Sien internet vir lokaal met verdere rigting aanwysers.

SAKELYS

1. Opening en konstituering
2. Kondonering van datum van vergadering en ander tegniese aangeleenthede.
3. Notule van vergadering van 2017-08-17 aangeheg. Vir goedkeuring met of sonder wysigings.
4. Sake uit notule
   - 4.1. Bemarkingsitems en bond eiendom..
   - 4.2. Foto- en grafregister.
   - 4.3. Vermeulen Museum.
   - 4.4. Skandering en bewaring van dokumente.
   - 4.5. Navorsing en vaslegging van inligting.
   - 4.6. Druk en verkoop van Bondwapen.
5. Finansiële state vir die tydperk 2017-03-01 tot 2018-02-18. Aangeheg vir goedkeuring en bespreking met of sonder wysigings.
6. Voorsitter se jaarverslag. Inligting tot beskikking sal tydens vergadering deur voorsitter van vergadering voorgelê word.
7. Nuwe sake.
   - 7.1. Onderhoud en instandhouding van webblad www.vermeulenbond.org
   - 7.2. Bestuur se taak/werkswyse om Bondslede se belangstelling te behou
   - 7.3. Ander punte
8. Verkiesing van nuwe Bestuur vir 2018/2019.
9. Magtiging vir die vernietiging van volmagte en nominasies.

Let Wel

i. Slegs lede wat op 2018-02-28 en op 2018-08-01 lede is, is geregtig om hierdie vergadering, of enige verdaging daarvan, by te woon, daarop te stem, is verkiesbaar as bestuurslede, kan ’n lid as bestuurslid voorstel of kan ’n lid as sy/haar gevolmagtigde benoem.

ii. Bestuurslede vergader ten minste een keer per jaar. Bestuurslede ontvang geen vergoeding of reiskoste nie.

iii. Stel ons asb. voor of op **30 September 2018** in kennis dat u die vergadering gaan bywoon. Sitplek is beperk.